

MAAK MY LEWE WERKLIK SAAK VIR GOD?

Sommige oggende is die wêreld soos 'n paradys. Jy word wakker, haal diep asem voor die venster en kyk uit op goue sonskyn wat weerkaats op die bome, blaar vir blaar. Party oomblikke laat die lewe so kosbaar wees: die gesig van 'n geliefde vriend wanneer jy groet, 'n verheffende stuk musiek wat volmaak by jou luim pas, die onverwagte liefdesblyk van 'n klein kindjie.

Maar ander oggende is die wêreld 'n gruwelike plek. Jy word wakker met die koerant opskrifte wat uitskree van nog 'n terroriste bomaanval wat 'n kind vermink of blind gemaak het, van nog 'n reeksmoordenaar wat sy tiende slagoffer geëis het, van nog 'n hongersnood of vloed of oorlog of aardbewing. Dit is die oomblikke wanneer niks sin maak nie, wanneer niks regverdig blyk te wees nie.

Wat beteken dit alles? Kan ons sin maak uit ons wonderlike en verskriklike wêreld? Waarom is ons hier? Maak my lewe regtig saak vir God, of is ek maar net 'n klein ratjie in een of ander reuse kosmiese masjien?

1. GOD HET 'N VOLMAAKTE WÊRELD GESKAPE

God is die Skepper, die argitek en ontwerper van alles, vanaf super sterrebeelde tot vlindervlerke. ***“Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. . . . Want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied, en dit staan.” – Psalm 33:6-9.*** (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gids geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

God hoef slegs te praat en die elemente is gehoorsaam aan Sy wil.

2. SES DAE OM ONS WÊRELD TE MAAK

“Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.” Exodus 20:11

Die ewige, almagtige Skepper kon die wêreld in een oomblik “deur die Gees van Sy mond” gevorm het. Maar God het gekies om ses dae te neem om dit te doen – ses minute, of selfs ses sekondes sou voldoende gewees het. Die eerste hoofstuk in die Bybel, Genesis 1, beskryf wat God op elke dag vir die skeppingsweek geskape het.

Watter meesterstuk het God as kroon op die sesde dag geskape?

“EN GOD HET DIE MENS GESKAPE NA SY BEELD; na die beeld van God het Hy hom geskape; MAN EN VROU HET HY HULLE GESKAPE.” – Genesis 1:27.

DIE SKEPPINGSWEEK

Dag Een: lig; dag en nag volg op mekaar
Dag Twee: die aarde se atmosfeer
Dag Drie: droë land en alles wat groei in die grond
Dag Vier: son en maan verskyn
Dag Vyf: voëls en visse
Dag Ses: diere op land en die mens
Dag Sewe: die Sabbat

God het besluit om mense te maak wat soos Hy was, wat kon redeneer en voel en liefhê. Elke persoon is in God se *beeld* gemaak.

Teen die sesde dag was die wêreld gevul met plante en diere, en toe het God Sy meesterstuk van die skepping voorgestel. Volgens Genesis 2:7, het die Almagtige, Adam se liggaam geformeer uit die stof van die aarde. Toe God daarna die *asem van die lewe* in sy neus ingeblaas het, het die mens 'n *lewende siel* geword – met ander woorde, hy het begin lewe. God het die eerste mens wat Hy in Sy beeld gemaak het, Adam genoem, 'n woord wat net beteken *man*, en die eerste vrou Eva, wat beteken *lewend* (2:20; 3:20). 'n Liefdevolle Skepper het gesien daar is 'n behoefte aan menslike geselskap.

Pas uit die hand van God, het Adam en Eva albei Sy beeld weerkaats. God kon wesens soos robotte geprogrammeer het om tevrede in die Tuin van Eden rond te wandel en hulle stemme te verhef om Hom te loof. Maar God wou meer hê: regte verhoudings. Robotte kan glimlag, praat, selfs die skottelgoed was, maar hulle kan nie liefhê nie.

God het ons in Sy beeld gemaak, met die vermoë om te dink en te kies, en om te onthou, verstaan en lief te hê. Adam en Eva was God se kinders, en onuitspreeklik kosbaar vir Hom.

3. BOOSHEID KOM NA 'N VOLMAAKTE WÊRELD

Adam en Eva het alles gehad om hulle gelukkig te maak. Hulle het volmaakte fisiese en verstandelike gesondheid geniet, in 'n pragtige tuinhuis, in 'n vlekkelose wêreld gewoon (Genesis 2:8; 1:28-31). God het aan hulle belowe dat hulle kinders sou hê en die vermoë om kreatief te dink, en om bevrediging te vind in hulle handewerk (Genesis 1:28; 2:15). Hulle het van aangesig tot aangesig met hulle Maker gekommunikeer. Geen spoor van bekommernis, vrees of siekte het hulle gelukkige dae belemmer nie.

Hoe het die wêreld so drasties verander in 'n plek van lyding en tragedie? Die tweede en derde hoofstukke van Genesis vertel die hele verhaal van hoe sonde ons wêreld binnegekom het. Lees dit op jou gemak deur. Hier is 'n kort opsomming van die inhoud van die hoofstukke.

'n Geruime tyd nadat God 'n volmaakte wêreld daargestel het, het die Duiwel na die Tuin van Eden gekom om Adam en Eva te versoek om ongehoorsaam aan hulle Skepper te wees. God het die Duiwel se invloedssfeer beperk tot een boom in die tuin, die boom van die kennis van goed en kwaad. En Hy het die eerste egpaar gewaarsku om weg te bly van daardie boom en nooit van daardie vrugte te eet nie, anders sou hulle sterf.

Maar een dag het Eva weggedwaal tot by die verbode boom. Die Duiwel het baie vinnig met sy verkoopspraatjie begin. Hy het voorgegee dat God vir haar 'n leuen vertel het en dat as sy van die boom se vrugte eet, sou sy nie sterf nie, maar sy sou so slim soos God Self word, deur goed en kwaad te ken. Dis tragies dat Eva, en toe Adam, wat net die goeie geken het, toegelaat het dat die Duiwel hulle bedrieg, en hulle het van die verbode vrugte geëet – en daardeur hulle band van vertrouwe en gehoorsaamheid aan God verbreek.

God het beplan dat Adan en Eva oor die wêreld sou heers as die opsieners van Sy geskape werke (Genesis 1:26). Maar omdat hulle die vertrouensverhouding met God verbreek het en die Duiwel as hulle nuwe leier gekies het, het die egpaar hulle jurisdiksie verloor. Vandag maak die Duiwel daarop aanspraak dat die wêreld syne is en hy probeer sy bes om al die mense sy slawe te maak.

Baiemaal vind ons dat ons iets selfsugtig of selfs wreed doen wanneer ons eintlik die teenoorgestelde wou doen. Waarom? Omdat die onsigbare vyand, die Duiwel, daarop uit is om mense moreel te laat faal.

Terwyl jy hoofstuk 3 van Genesis lees, sal jy ontdek dat sonde veroorsaak het dat Adam en Eva uit vrees vir God weggekrui het. Sonde het die hele skepping geraak. Dorings het langs die blomme verskyn. Die grond het gely onder droogte, en arbeid het 'n las geword. Siekte het oraloor begin toeslaan. Jaloesie, haatdraendheid en hebsug het die menslike ellendes laat toeneem. Die ergste van alles, saam met sonde het die dood gekom!

4. WIE IS HIERDIE DUIWEL WAT ONS WÊRELD MET SONDE BESMET HET?
“Hy was ‘n MENSEMOORDENAAR VAN DIE BEGIN AF en staan nie in die waarheid nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n LEUENAAR is en DIE VADER DAARVAN.” – Johannes 8:44.

Volgens Jesus is die Duiwel die oorsprong van sonde in die heelal, die “vader” van sonde en dus van moord en leuens.

Thomas Carlyle, die groot Engelse filosoof, het Ralph Waldo Emerson eenmaal deur sommige van die ergste strate van Londen se East End geneem. Terwyl hulle in die straat stap en stilweg die ellende en boosheid rondom hulle waarneem, het Carlyle uiteindelik gevra: “Glo jy nou daar is ‘n Duiwel?”

5. HET GOD DIE DUIWEL GESKAPE?

Nee! ‘n Goeie God sou nie ‘n duiwel skep nie. En tog verklaar die Bybel dat die Duiwel, saam met die engele wat hy verlei het, hulle plek in die hemel verloor het en na ons wêreld toe gekom het.

“En daar het ‘n OORLOG IN DIE HEMEL gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en DIE DRAAK EN SY ENGELE het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en HULLE PLEK WAS IN DIE HEMEL NIE MEER TE VINDE NIE. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.” – Openbaring 12:7-9.

Hoe het die Duiwel in die eerste plek in die hemel gekom?

“Jy was ‘n GERUB met uitgespreide vlerke WAT BESKUT, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. JY WAS VOLKOME IN JOU weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ONGEREGTIGHEID IN JOU GEVIND IS.” – Esegël 28:14, 15.

God het nie die Duiwel geskape nie, Hy het Lucifer, ‘n volmaakte engel, een van die leidende engele in die hemel wat langs God se troon staan, geskape. Maar toe hy sonde gedoen het, is *ongeregtigheid* (boosheid) in hom *gevind*. Nadat hy uit die hemel verban is, en deur hom voor te doen as Adam en Eva se vriend, het hy die mensdom se dodelikste vyand geword.

6. WAAROM HET LUCIFER, HIERDIE VOLMAAKTE ENGEL, SONDE GEDOEN?

“Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die daeraad! Hoe Lê JY TEEN DIE AARDE NEERGESLAAN, . . . En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God . . . EK WIL . . . MY GELYKSTEL MET DIE ALLERHOOGSTE!” - Jesaja 14:12-14.

Die wese wat die Duiwel geword het was oorspronklik Lucifer genoem, wat beteken *dag ster* of *helder skynende een*. In hierdie engel se hart het hoogmoed en ambisie die plek van toewyding begin inneem. Die saad van trots het tot ‘n obsessie gegroei om God se plek in te neem.

Lucifer moes baie hard gewerk het om ander hemelse wesens te oortuig. Dit is maklik om jou te verbeel hoe Satan geredeneer het dat God iets van hulle af terughou, en dat die goddelike wet te beperkend was en dat God ‘n heerser was wat nie omgee het nie. Hy het die Een wie se karakter ‘n definisie van liefde is, beledig.

Hoe is hierdie konflik in die hemel opgelos?

“Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; . . . Ek het jou op die grond (aarde) gewerp.” - Esegïël 28:17.

Hoogmoed het die hoof van die engele in die Duiwel of Satan verander. Om die vrede en harmonie in die hemel te bewaar, moes hy en een derde van die hemelse engele wat by hom aangesluit het in die rebellie, verban word (Openbaring 12:4, 7-9).

7. WIE IS VERANTWOORDELIK VIR SONDE

Waarom het God nie wesens geskape wat nie in staat sou wees om sonde te doen nie? As Hy dit gedoen het, sou daar nie ‘n probleem met boosheid in ons wêreld gewees het nie. Maar God wou mense hê wat betekenisvolle verhoudings kon aanknoop. Daarom het God die mens in Sy eie beeld geskape (Genesis 1:27). Dit beteken ons is vry en verantwoordelik. Ons kan besluit om God lief te hê of om die rug op Hom te draai.

God het aan die engele en mensekinders van alle tye, ‘n geestelike natuur, en ‘n vermoë om werklike keuses te maak, gegee.

“Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien.” – Josua 24:15.

God rig ‘n uitdaging aan die wesens wat Hy in Sy beeld geskape het, om te kies om wat reg is, te doen omdat hulle vermoë om te redeneer vir hulle sê “God se weg is die beste.” En om weg te draai van wat verkeerd is omdat hulle redenasievermoë hulle waarsku teen die gevolge van ongehoorsaamheid en sonde.

Slegs wesens met die krag om te redeneer en te kies kan ware liefde ondervind. Dit was God se begeerte om persone te skep wat Sy karakter sou verstaan en waardeer, wat vryelik uit liefde vir Hom sal reageer, en met liefde vir ander vervul sal word. God wou so graag Sy liefde deel dat Hy gewillig was om die geweldige kans te waag om engele en mense met die vermoë om te kies, te skep. Hy het geweet dat dit moontlik was dat een van Sy geskape wesens eendag mag kies om Hom nie te dien nie. Die Duiwel was die eerste wese in die heelal wat daardie verskriklike keuse gemaak het. Die tragedie van sonde het by hom begin (Johannes 8:44, 1 Johannes 3:8).

8. DIE KRUIS MAAK DIE VERNIETIGING VAN SONDE MOONTLIK

Waarom het God nie vir Lucifer vernietig voordat sy sonde-siekte kon versprei nie? Lucifer het die regverdigheid van God se heerskappy bevraagteken. Hy het leuens aangaande God vertel. As

God Lucifer onmiddellik vernietig het, sou die engele Hom begin dien uit vrees eerder as uit liefde. Dit sou teenstrydig gewees het met die doel wat God gehad het met die skepping van alle dinge met die vermoë om in die eerste plek 'n keuse te maak.

Hoe sou enigeen werklik weet dat God se weg die beste was? God het aan Satan 'n geleentheid gegee om sy alternatiewe stelsel te demonstreer. Dit is waarom hy 'n geleentheid gekry het om Adam en Eva in die versoeking te lei.

Hierdie planeet het die toetsgrond geword waar die karakter van Satan en die aard van sy koninkryk, gekontrasteer word met die karakter van God en die aard van Sy koninkryk. Wie is reg? Op wie kan ons uiteindelik vertrou? Lucifer was so verleidelik, dat dit tyd geneem het vir die wesens van die heelal om tot volle oortuiging te kom van hoe rampspoedig Satan se alternatiewe werklik is. Maar uiteindelik sal almal dan sien dat “die loon van die sonde is die dood,” en dat “die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” (Romeine 6:23).

Elke wese in die heelal sal dan saamstem dat:

“Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! . . . Want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.” – Openbaring 15:3,4.

Nadat almal die dodelike aard van sonde, en die vernietigende aard van Satan se filosofie verstaan het, kan God Satan en sonde vernietig. Hy sal ook diegene wat hardkoppig Sy genade teengestaan het en Satan se alternatiewe aangehang het, moet vernietig.

God is net so gretig om die probleem van sonde en lyding op te los as wat ons is dat Hy dit moet doen. Maar Hy wag totdat Hy dit permanent kan doen, en tot Hy ons vrye wil kan verseker sowel as om te voorkom dat die boosheid ooit weer sal verskyn.

God het belowe om sonde vir ewig te vernietig deur die hemele en hierdie aarde met vuur te reinig. Volgens Sy belofte, kan ons uitsien na “nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Petrus 3:10, 13). Sonde sal nooit weer die heelal besmet nie. Sonde se tragiese gevolge sal so duidelik uitstaan, dat ongehoorsaamheid aan God se wil vir alle ewigheid vermy sal word.

Wie maak die uiteindelijke vernietiging van die Duiwel en sonde moontlik?

“Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.” – Hebreërs 2:14, 15.

By die kruis het die engele en die ongevalle wêreld gesien wat Satan werklik was – 'n verleier, 'n leuenaar, 'n moordenaar. Daar het hy sy ware karakter openbaar deur mense te oortuig om die onskuldige Seun van God te vermoor. Die inwoners van die ganse heelal het gesien hoe sinneloos en wreed sonde werklik is. Die kruis het Satan se motiewe ten volle ontbloot, en wanneer God die Duiwel vernietig, sowel as diegene wat volhard in die sonde, sal almal erken dat God regverdig is.

Jesus se dood aan die kruis het Satan se ware bedoeling voor alle geskape wesens oopgevelek (Johannes 12:31, 32). Die kruis het ook openbaar wat Christus werklik is – die Verlosser van die wêreld. Op Golgota het die mag van die liefde in felle kontras uitgestaan teenoor die liefde vir mag. Die kruis het bo alle twyfel bepaal dat dit self-opofferende liefde is wat God motiveer in hoe Hy optree teenoor Satan, sonde en sondige manne en vroue.

Op die kruis het Christus se welsprekende demonstrasie van God se onvoorwaardelike liefde sonder twyfel die Duiwel oorwin. Die stryd oor wie die wêreld sou regeer, Christus of Satan, was verby. Op die kruis is die vraag vir ewig beantwoord. Dit moet bo alles Christus wees!

Het jy al 'n verhouding ontdek met die Verlosser wat gesterf het om Sy matelose, onveranderlike liefde te openbaar? Hoe voel jy oor die Een wat na ons wêreld toe gekom het as 'n mens en in jou plek gesterf het om jou te red van die gevolge van die sonde? Sal jy sommer nou jou oë sluit en Jesus bedank, en Hom dan vra om in jou lewe te kom en daarvan besit te neem?